# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
E-pos: villiesskool@icon.co.za
Webwerf: www.laerskoolvillieria.co.za

Ben Swartstraat 1032
Villieria
Pretoria
0186

15 Augustus 2025

Geagte ouers/voogde

## NUUSBRIEF 27/2025

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**LAATKOM VAN LEERDERS**

Ons doen 'n vriendelike beroep op alle ouers/voogde om toe te sien dat alle leerders soggens betyds aanmeld by die skool. Die skooldag begin stiptelik 7:28 en dit is belangrik dat alle leerders teen daardie tyd gereed is vir die dag se onderrig.

Wanneer leerders laatkom, mis hulle waardevolle onderrigtyd en ontwrig dit ook die vloei van die onderrig wat reeds begin het vir hul mede-leerders. Deur betyds te wees, help u om goeie roetine en verantwoordelikheid by u kind(ers) te kweek.

Ons waardeer u samewerking en ondersteuning om te verseker dat elke leerder die beste moontlike geleentheid tot sukses het.

**BOK-VRYDAG**

Ter ondersteuning van Springbokrugby wat tans aan die gang is, asook rygby in geheel, mag alle leerders eerskomende Vrydag, 22 Augustus 2025 hul span se ondersteunersrugbytrui aantrek of die kleur van die span wat hul ondersteun. Neem kennis dat dit glad nie verpligtend is nie, en ons raai ouers/voogde aan om asseblief nie spesiaal klere te koop vir die geleentheid nie.

Normale skoolure en skoolreëls geld. Akademie gaan voort soos normaal.

**FONDSINSAMELINGSPROJEK**

- Blits (Fire lighters)
  Ons volgende gewilde fondsinsamelingsprojek "Blits" skop volgende week af. Bestelvorms word deur die loop van volgende week uitgedeel aan alle graad R- tot 7-leerders. Pakkette kan bestel word teen R20/pakket. Verdere kommunikasie sal volg rakende uitdeeldatums.

**DEPARTEMENT VAN GESONDHEID**

Alle graad R- tot 7-leerders ontvang vandag 'n skrywe rondom die Departement van Onderwys se besoek aan skole vir 'n masels inenting. Ons skool word besoek op Woensdag, 3 September 2025. Ons vra dat alle briewe teruggestuur sal word voor/op Woensdag, 27 Augustus 2025, ongeag of u toestemming gee al dan nie.

## FOTO'S

Alle sport- en kultuurfoto's word geneem Dinsdag, 19 Augustus 2025. Neem asseblief kennis van die volgende:

| FOTO VAN… | BRING SAAM |
|---|---|
| **Kultuur** | |
| Revue (Junior en senior) | Revueklere<br>*(Grimering hoef nie gedoen te word nie).* |
| | |
| **Sport** | |
| Fietsry | Fietsryklere |
| Krieket (Seuns: o/8- tot o/13A- en B-spanne) | Krieket-/Villieshemp en witbroek |
| Krieket (Dogters) | Villiesklere en witbroeke |
| Landloop | Villiesdrag |
| Sagtebal (o/8 – o/9) | Villiesklere |
| Sagtebal (o/10- tot o/13A- en B-spanne) | Sagtebalklere |
| Skaak | Skoolklere |
| Tennis (Seuns: o/11 – o/13) | Villiesklere |
| Tennis (Dogters: o/13) | Villiesklere |

## AKADEMIE (Graad 4 – 7)

- **Assessering – Kwartaal 3**

| VAK | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Taak | Taak | Taak | Taak & Klastoets |
| Engels | Taak | Taak | Taak | Taak & Klastoets |
| Wiskunde | Klastoets | Klastoets | Klastoets | Klastoets |
| NW/Teg | Toets | Toets | Toets | - |
| NW | - | - | - | Toets |
| Teg | - | - | - | Taak |
| SW | Toets | Toets | Toets & Taak | Toets |
| EBW | - | - | - | Markdag |
| LO/PSW | Taak | Taak | Taak | Taak |
| Skeppende Kuns | Prakties | Prakties | Prakties | Prakties |

- **Toetsrooster – Kwartaal 3**

| DATUM | GRAAD 4 | GRAAD 5 | GRAAD 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|---|---|
| 1 Sept. | SW Geo | SW Gesk. | SW Geo | NW |
| 5 Sept. | | | | Markdag |
| 8 Sept. | NW/Teg | NW/Teg | NW/Teg | SW |
| 15 Sept. | SW Gesk | | | |

## VILLIES GEBEDSGROEPE

- **Skole Gebedsweek**

  Volgende week, 18 – 22 Augustus 2025, is Skole Gebedsweek. Sien die advertensie gedeelte in die nuusbrief vir meer besonderhede. Hoop om jou by die geleenthede te sien!

- **Manne-gebedsgroep**

  Ons nooi elke pa, oupa, oom en voog van Laerskool Villieria om saam met ons te kom bid vir Laerskool Villieria se personeel, ouers, kinders en gemeenskap op Dinsdagoggende (6:45 – 07:15) by Christlife Ministry kerk reg langs die skool in 30ste Laan. *Jy hoef nie spesifiek 'n lidmaat van Christlife kerk te wees nie.* Kom net soos jy is. Al wat dit vat is 'n gehoorsame hart. Vul asseblief hierdie skakel in as jy graag wil deel raak van hierdie groep: https://forms.gle/izs5BaVREXmeX6yLA

- **Dames-gebedsgroep**
  "Villies-Ouers-Wat-Bid" nooi elke ouer om saam met ons te kom bid.
  ✓ Elke Maandag- en Donderdagoggend (7:15 – 7:45).
  ✓ Om by die gebeds-whatsappgroep aan te sluit, volg hierdie skakel:
  https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

**KULTUUR**

- **Koor**
  Ons is baie opgewonde om in 2025 'n senior koor te begin. Ons droom is om in die toekoms so te groei om 'n junior koor ook op die been te bring. Ons nooi dus alle graad 3- tot 6-leerders wat graag sal wil deelneem aan die koor, om op die volgende skakel te registreer:
  https://forms.gle/HxYvcbY97qP7cg4LA

  Oudisies sal in die volgende twee weke plaasvind (13:00 – 13:30). Betrokke leerders sal uitgeroep word om so min as moontlik in te meng met akademie.

- **Revue**
  Weereens baie geluk aan beide ons revuegroepe wat deurgedring het na die semi-finaal.
  ❖ Oefentye vir die komende week:
    ✓ Maandag 13:45 – 15:00 *(Slegs seniors)*

  ❖ Optrede
    ➢ Skoolsaal
      ✓ Dinsdag, 19 Augustus 2025 Beide groepe

      *(Wanneer die neem van foto's afgehandel is, kry beide revuegroepe die geleentheid om voor die skool op te tree).*
      - Junior dogters kom skool toe met twee hoë poniesterte sonder krulle.
      - Senior dogters kom skool toe met twee hoë bollas. Geen grimering.

**SPORT**

- **Hekkies / Naellope (Afrigting)**
  Kontak asseblief mevrou Myrtle Grobler by 082 820 1989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies en naellope. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

- **Skole Bergfietsresies**
  Sien asseblief aangeheg die datums vir die Skole Bergfiets byeenkomste.

- **Skaak**
  ❖ Distrikstoernooi
    ✓ Saterdag, 16 Aug. 2025 By Hoërskool Montana

    *(Spelers het reeds 'n skrywe ontvang met die nodige inligting).*

  ❖ Gauteng uitspele
  Betrokke spanne wat kwalifiseer sal kommunikasie ontvang.

- **Landloop**
  Baie geluk aan die volgende atlete wat besonders goed gedoen het in een van die afgelope twee byeenkomste:
  ✓ Aiden Ascani, Micayla Ascani, Lana Beetge, Chris Boshoff, Evan Cilliers, Wian du Plessis, Niané Ellis.

  ❖ Oefening:
  Geen oefening verder vir die seisoen nie, aangesien die landloopseisoen nou tot 'n einde gekom het. Ons laaste oefening, sowel as die landloopafsluiting, het die afgelope Woensdag plaasgevind.

  Slegs atlete wat kwalifiseer vir die SA-Kampioenskappe, sal in kennis gestel word van verdere oefentye en -plekke.

  ❖ Byeenkoms:
  ➢ AGN-Kampioenskappe
  Baie geluk aan die atlete wat gekwalifiseer het om aan die AGN-Kampioenskappe deel te neem.
  ✓ Saterdag, 16 Aug. 2025 — Lavender Kontreimark

  *(Hierdie atlete se ouers is reeds in kennis gestel).*

  ➢ SA-Kampioenskappe
  Atlete wat kwalifiseer tydens die AGN-Kampioenskappe, sal kommunikasie ontvang.

- **Rugby**
  ➢ **7's (o/11- en o/12-seuns)**
  ❖ Toernooie:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ 20 Sept. 2025 | Bergsig | o/12 |
| ✓ 02 Okt. 2025 | Rooihuiskraal | o/11 en o/12 |
| ✓ 18 Okt. 2025 | Villieria | o/11 en o/12 |
| ✓ 01 Nov. 2025 | Anton van Wouw | o/11 en o/12 |

  ❖ Toer:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ 24 – 26 Okt. 2025 | Zwartkloof | o/11 en o/12 |

  *(Alle spelers het reeds inligting rakende die toer ontvang).*

  ❖ Oefentye vir die komende week:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Maandag | 13:00 – 14:00 | o/11 en o/12 |
| ✓ Woensdag | 13:00 – 14:00 | o/11 en o/12 |

- **Krieket**
  ➢ **Mini-krieket**
  ❖ Oefentye vir die komende week:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Maandag | Graad R | 12:40 – 13:20 |
| ✓ Dinsdag | Graad 1 en 2 | 13:20 – 14:00 |
| ✓ Woensdag | Graad R | 12:40 – 13:20 |
| ✓ Donderdag | Graad 1 en 2 | 13:20 – 14:00 |

- **Seuns (o/8 – o/13)**
  - Oefentye vir die komende week:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Maandag | o/12A, o/13A | 14:00 – 15:00 |
| ✓ Dinsdag | o/8 (Blou, Rooi) | 13:00 – 14:00 |
| | o/9A+B | 14:00 – 15:00 |
| | o/10A+B | |
| | o/11A+B | 15:00 – 16:00 |
| | o/12B, o/13B | |
| ✓ Woensdag | o/10A, o/11A | 14:00 – 15:00 |
| ✓ Donderdag | o/8 (Blou, Rooi) | 13:00 – 14:00 |
| | o/9A+B | 14:00 – 15:00 |
| | o/10B | |
| | o/13A, o/13B | 15:00 – 16:00 |
| | o/12A, o/12B | |
| | o/11B | |

*Let wel oefendae en -tye mag dalk verander weens onvoorsiene omstandighede, maar kommunikasie sal betyds vooraf gestuur word.*

  - Wedstryde vir die komende week:

| | | | |
|---|---|---|---|
| ✓ Maandag | o/8-Rooi | Laerskool Lynnwood | (Tuis) |
| | o/12B | Laerskool Anton van Wouw | (Tuis) |
| | o/13B | Laerskool Anton van Wouw *(By Bruinslich Park)* | |
| ✓ Dinsdag | o/12A | Laerskool Anton van Wouw | (Tuis) |
| | o/13A | Laerskool Anton van Wouw *(By Bruinslich Park)* | |
| ✓ Woensdag | o/9A | Laerskool Anton van Wouw *(By Bruinslich Park)* | |
| | o/9B | Laerskool Anton van Wouw | (Tuis) |
| | o/11B | Laerskool GHS | (Tuis) |
| ✓ Donderdag | o/10A | Laerskool Anton van Wouw | (Tuis) |
| | o/11A | Laerskool Anton van Wouw *(By Bruinslich Park)* | |
| ✓ Vrydag | o/8-Blou | Laerskool Anton van Wouw | (Tuis) |
| | o/10B | Laerskool Anton van Wouw | (Tuis) |
| | o/11B | Laerskool Anton van Wouw *(By Bruinslich Park)* | |
| | o/11-"Day/Night" span | Laerskool Magalieskruin | (Tuis) |
| | o/13-"Day/Night" span | Laerskool Magalieskruin | (Weg) |

- **Sagtebal**
  - **Mini-Sagtebal (Dogters o/8 – o/9)**
    - o/8
      - Oefentye vir die komende week:
        - ✓ Dinsdag 13:15 – 14:15
        - ✓ Donderdag 13:15 – 14:15
    - o/9
      - Oefentye vir die komende week:
        - ✓ Dinsdag 14:00 – 15:00
        - ✓ Donderdag 14:00 – 15:00

- ❖ Wedstryde:
  - ✓ Saterdag, 16 Augustus 2025 o/9A+B Laerskool Tuinrand (Weg)

    *Betrokke dogters het reeds ‘n brief met die nodige inligting ontvang.*

➢ **Dogters o/10 – o/13**

- ❖ Oefentye:

  B-spanne oefen nie Donderdag, 21 Augustus 2025 nie.

| WAT GEBEUR | DATUM | SPANNE | BELANGRIK |
|---|---|---|---|
| Oefening<br>Gooiers en vangers | Maandag<br>13:00 – 13:45 | o/10B tot o/13B | Betrokke dogters het briewe ontvang.<br>*(Revueleerders sluit dan 14:00 by revue-oefening aan).* |
| Oefening<br>Batting<br>*(Elke 2de week oefen slegs twee ouderdomsgroepe)* | Maandag<br>13:00 – 13:45 | o/12A | Alle dogters moet bywoon, wat nie na die proewe toe gaan nie.<br>*(Revueleerders sluit dan 14:00 by revue-oefening aan).* |
| IRT-proewe<br>*(Dogters word verskoon by die revue-oefening).* | Maandag<br>14:00-18:00 | o/12A; o/13A | Die dogters wat die proewe bywoon is ingelig. Hul vertrek na skool.<br>**Hou die Villies se naam hoog!** |
| Oefening<br>Gooiers en vangers | Dinsdag<br>13:00 – 14:00 | o/10A tot o/13A | Betrokke dogters het briewe ontvang. |
| Oefening | Dinsdag<br>14:00 – 15:30 | o/10A tot o/13A | Alle dogters moet bywoon. |

- ❖ Wedstryde vir die komende week:
  - ➢ A-spanne
    - ✓ Donderdag o/10 – o/13 Laerskool GHS (Tuis)
    - ✓ Wedstryde van Donderdag, 7 Augustus 2025 wat uitgereën het, word op Dinsdag, 2 September 2025 ingehaal te Laerskool Danie Malan.

    *Volledige program en tye word op die groepe gestuur vir bogenoemde wedstryde.*

  - ➢ B-spanne
    - ✓ Dinsdag o/10 – o/13 Laerskool Saamspan (Weg)

      *Volledige program en tye word op die groepe gestuur.*

      *Alle dogters ry met die bus na Laerskool Saamspan. Geen skooltasse word op die bus gelaai nie, daar is nie genoeg plek nie. Tasse word in juffrou Van Staden se klas gebêre en die dogters kan dit Vrydag weer kry.*

**ONDERRIGGELD**

Ek spreek my opregte waardering uit vir u voortdurende ondersteuning aan Laerskool Villieria en vir die waardevolle rol wat u speel in u kind se opvoeding.

Ek wil u ook vriendelik daaraan herinner dat u getroue betaling van skoolgeld ‘n belangrike rol speel in die suksesvolle funksionering van u kind se skool. Skoolgeld maak dit moontlik om onder andere:

- ✓ Kwaliteit onderrigmateriaal aan te skaf;
- ✓ Skoolgeboue en fasiliteite in stand te hou;
- ✓ Ekstra-klasse en aktiwiteite aan te bied; en
- ✓ Ons opvoeders te ondersteun in hul onbaatsugtige werk.

**HERHALENDE BOODSKAPPE**

**VELDSKOOL (Graad 6)**

Ons sê baie dankie aan die ouers wat reeds hul kind se Veldskool betaal het.
Soos per kommunikasie aan die begin van die jaar, herinner ons alle graad 6-ouers/voogde aan die fooi betaalbaar vir u kind se Veldskool. Die bedrag van R2 000 moet teen Dinsdag, 30 September 2025 ten volle betaal wees.
Alle rekeningstate van ouers/voogde met kinders in graad 6, se rekeningstate is aangepas met die Veldskoolfooi. Indien u kind nie die Veldskool gaan meemaak nie, moet u asseblief 'n skrywe rig aan meneer Gielie Joubert waarna u rekeningstaat weer aangepas sal word.

**INDIEN VAN AANSOEKVORMS - GRAAD 1 (2026) – AANLYNREGISTRASIE**

Ons moedig weereens al ons huidige graad R-ouers aan om spoedig u kind aanlyn te registreer vir graad 1 (2026) by Laerskool Villieria indien u nog nie het nie. Daarna het u sewe dae om u vorms fisies te kom inhandig by ons skoolkantoor. Die Aansoekvorm is beskikbaar op ons webblad. U MOET DIE 2026-AANSOEKVORM, TESAME MET ALLE VEREISTE DOKUMENTASIE, FISIES INDIEN BY ONS SKOOLKANTOOR, SELFS AL HET U DIT REEDS AANLYN OPGELAAI.
Indien u weet van familie of vriende wat ook wil aansoek doen om hul kind(ers) by Laerskool Villieria in te skryf, laat hul asseblief weet van die aanlynregistrasieproses wat gedoen moet word en vorms wat fisies by ons skoolkantoor ingehandig moet word.

**SPORT**

- **Tennis**
  - ❖ Wedstryde (Kwartaal 3) Baanallokasie:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ✓ 18 Aug. 2025 | Oop (Seuns) | Wonderboom | B1 | Villieria Tennis Klub |
| | o/11 (Seuns) | Die Krans | B2 | Villieria Tennis Klub |
| ✓ 25 Aug. 2025 | Oop (Seuns) | Lynnwood | B1 | Villieria Tennis Klub |
| | o/11 (Seuns) | Stephanus Roos | B2 | Villieria Tennis Klub |
| ✓ 01 Sept. 2025 | Oop (Seuns) | Die Poort | B1 | Villieria Tennis Klub |
| | o/11 (Seuns) | Garsfontein | B2 | Villieria Tennis Klub |
| ✓ 08 Sept. 2025 | Oop (Seuns) | Pretoria-Oos | B1 | Villieria Tennis Klub |
| | o/11 (Seuns) | Wonderboom | B2 | Villieria Tennis Klub |

*Villieria Tennis Klub: 28ste Laan, Villieria, 0186 (Tussen Ben Swartstr. en Terblancestr.)*

- **Villies Netbalakademie**

  Ons is baie opgewonde om Laerskool Villieria se eerste Netbal Akademie bekend te stel. "Goal Line Sports" sal in beheer wees en u is baie welkom om vir me. Joy van Zyl te kontak by 0832927330.

  - ❖ Voorlopige oefentye:

| | | |
|---|---|---|
| ✓ Vrydae | Graad 3 – 4 | 13:45 – 14:45 |
| | Graad 5 – 6 | 14:45 – 15:45 |

- **Krieket**
  - ➢ **Seuns (o/8 – o/13)**

    *Belangrike Kennisgewing: Verandering in Krieketakademie*

    Ons wil graag alle ouers inlig dat die "Pitch Smashers Cricket Academy" nie meer by ons skool werksaam is nie. Ons verwelkom met opgewondenheid die "Xstreme Xcellence Cricket Academy" as ons nuwe vennoot in krieketontwikkeling.

    Alle toekomstige betalings en kommunikasie rakende krieketaktiwiteite moet nou aan "Xstreme Xcellence Cricket Academy" gerig word.
    E-pos: xxc.villies@gmail.com
    Kontaknommer: 076 151 3153

**GRAAD R (2026)**

Ons doen ‘n beroep op ons huidige ouers/voogde wat ook kinders in groter grade het, wie ‘n graad R-kind wil inskryf by ons volgende jaar, om baie spoedig hul aansoekvorms in te gee by ons kantoor.

**MERK VAN SKOOLKLERE**

Ons doen weer ‘n baie ernstige beroep op u as ouer/voog om seker te maak u kind(ers) se klere is DUIDELIK gemerk met u kind se naam en van en dat dit DUIDELIK gemerk bly na paar kere deur die was. Maak seker u kind(ers) verstaan die erns van die saak om hul klere en besittings baie mooi op te pas. Hier is te veel verlore klere en goedere weekliks.

**LEERDERS – SELFONE EN SELFOONHORLOSIES**

Ons herinner alle ouers/voogde en leerders aan die selfoonreël soos vervat in die Gedragskode en Dissiplinêre Beleid in u kind(ers) se Villies-Dagboek. Ons vra ernstig dat u seker maak u kind(ers) is bewus hiervan aangesien daar gevalle kop uitsteek waar die reëls oortree word.
GEEN selfone of selfoonverwante produkte mag gedurende enige tyd van die skooldag aangeskakel wees of gebruik word nie, wat beteken geen oproepe of boodskappe mag ontvang of gemaak/gestuur word na of vanaf u kind se selfoon nie. Enige kind wat die reëls oortree, se selfoon of selfoonverwante produk sal onmiddelik gekonfiskeer word.
Ons vra u weer vriendelik om hieraan aandag te gee en die erns van die saak onder u kind se aandag te bring.

**LAERSKOOL VILLIERIA FACEBOOKBLAD**

Toegang tot Laerskool Villieria se Facebookblad is SLEGS vir huidige ouers/voogde van ons skool bedoel. Indien u ‘n Facebook “request” op Facebook stuur, maak seker u beantwoord alle vrae volledig asook u kind(ers) se volle naam en van.

**VERDAAGTYE**

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:
- ✓ Graad R – 2 13:00
- ✓ Graad 3 – 7 13:30

*(Indien daar ‘n verandering aan ‘n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word).*

**OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN**

Ons vra weer vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid. Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat. Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie. Ingang by die kantoorhek is beskikbaar Maandae – Donderdae (07:00 – 14:15) en Vrydae (07:00 – 13:45).

**BROODJIEPROJEK**

Ons is bewus daarvan dat sommige gesinne tans finansieël onder druk verkeer en nie in staat is om daagliks vir hul kind(ers) ‘n broodjie in te pak nie. Indien u tans in hierdie posisie is, vra ons dat u asseblief ‘n versoekbriefie aan u kind se klasvoog stuur met u kind se naam, van en klas op. Dit sal ons in staat stel om die nodige reëlings te tref om ‘n broodjie vir u kind(ers) elke 1ste pouse te voorsien.

**COMMUNICATOR**

Vir ons nuwe ouerhuise, neem kennis dat ons skool gebruik maak van die **blou** d6-Communicator wat op “Slim”fone, sowel as u rekenaar geïnstalleer kan word. Daaglikse gebeure volgens die kalender asook dringende boodskappe word gewoonlik daardeur gekommunikeer.

*Volg die volgende stappe om die “Toep” af te laai:*
Gaan na Google Playstore en soek na die d6-School Communicator.
Gaan na www.school-communicator.com/download.php en volg die instruksies vir installasie op u rekenaar.

**PARKERING**

- **Aflaai- en optel van leerders**
  Ons vra asseblief vriendelik dat u alle padgebruikers, mede-ouers en leerders in ag sal neem tydens af- en oplaai van u kind(ers). Kom ons werk saam as skoolgemeenskap om sover moontlik nie die verkeersvloei rondom die skool te vertraag nie.
- **Omliggende inwoners**
  As waarnemende hoof van Laerskool Villieria, vra ek asseblief elke ouer/voog se volgehoue samewerking met die volgende. Ek het verskeie klagtes ontvang vanaf omliggende inwoners rakende ouers/voogde wat parkering aanbetref tydens af- en oplaai van leerders voor- en na skool, asook tydens byeenkomste en geleenthede by die skool. Kan ek van u vra om asseblief nie voor- of gedeeltelik voor mense se ingangshekke te parkeer nie. Mense wat dringend in- en uit hul erf moet ry, word dan verhinder om dit te doen of bemoeilik. Indien ‘n inwoner u vra om u voertuig te verwyder vanaf hul eiendom, respekteer dit asseblief en stop elders. Die skool streef nog altyd na ‘n goeie gesindheid teenoor ons inwoners.

**HEKKE (Graad 4- tot 7-ouers/-voogde)**

Daar sal daagliks wanneer die leerders verdaag, ‘n onderwyser by al die hekke wees vanaf 13:30 – 13:40. Daarna word die hekke gesluit. Indien u enkel kere weens onvoorsiene omstandighede nie betyds is om u kind(ers) by ‘n hek op te laai nie, sal die leerders na die naskoolhek in 30ste Laan gestuur word waar u kind binne die terrein vir u sal wag. Neem kennis dat alle leerders wat by die naskoolhek wag, dan onder ons naskool se reëls val wat dissipline betref en wat insluit die leerders mag nie in die skoolterrein rondloop nie, en ook nie in die wagarea speel nie.

Ons doen ‘n ernstige beroep op al die ouers/voogde om u kind wat by die naskoolhek wag, voor 14:30 te kom afhaal, anders moet u eerder oorweeg om u kind(ers) by die naskoolsentrum in te skryf.

**VILLIES-KLEREHUB**

Die Villies-klerehub voorsien jou kind 100% van sy/haar skooldrag en Villiesdrag. Ondersteun ons winkel, so maak ons saam ‘n verskil. Indien enige navrae rakende klere, krisisse en/of moontlike alternatiewe reëlings, kontak mevrou Corinda Sinden per e-pos by klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

Winkelure (Maandae – Vrydae): 7:00 – 9:00
*(Tensy tye vir ‘n spesifieke dag verander, sal dit vroegtydig aan u gekommunikeer word).*

- **Klerebank/Tweedehandse klere**
  Neem kennis dat ons nie meer ‘n klerebank het met tweedehandse skoolklere wat daagliks te koop is by ons skool nie. Ons het slegs die Klerehub soos bogenoemde.

Indien ons skenkings van tweedehandse skoolklere kry, maak ons ‘n datum aan u bekend per Nuusbrief wanneer die tweedehandse klere eenmalig uitgesit sal word om te koop vir belangstellende ouers.

**VILLIES-NASKOOLSENTRUM**

*Let wel: In hierdie paragraaf praat ons slegs van ons huidige ingeskrewe Laerskool Villieria naskoolsentrum leerders.*

Ons doen ‘n beroep op ons naskoolouers se samewerking met hul naskoolleerders wat aan enige sport deelneem.

Die naskoolproses vir ons sportleerders by ons naskoolsentrum werk as volg:

- ✓ Al die naskoolleerders wat aan sport deelneem, tree na afloop van die sportoefening aan by die naaste boom by die groot hek in Ben Swartstraat aan die binnekant van die sportveld .
- ✓ Die leerders word dan eers by bogenoemde bymekaarkompunt afgemerk voordat hul teruggebring word skoolterrein toe.
- ✓ Tydens wedstryddae sal daar elke 30 minute ‘n naskoolpersoneellid by die bome wees om die leerders terug te bring skool toe.

BAIE BELANGRIK: Indien u, u kinder(ers) direk na die sportoefening of wedstryd kom oplaai, vra ons dat u asseblief die naskool in kennis sal stel. Dit sal baie help met die kontrole van die leerders.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**




Villiesgroete

**A.J. GROBLER**
**WNMDE HOOF**

***SIEN BLADSYE AANGEHEG***


SKOLE GEBEDSWEEK
18 - 22 AUG
Maandag
GEBED
07:15 - 07:45
SPORTSAAL
Dinsdag
STAP OM SKOOL & BID
07:15 - 07:45
KANTOOR INGANG
Woensdag
STAP DEUR SKOOL & BID
15:00 - 16:00
KANTOOR INGANG
Donderdag
GEBED
13:00 - 13:30
KERKHEKKIE SE GRASPERK
Vrydag
PRAISE & WORSHIP
07:15 - 07:45
SPORTSAAL

# ROOIKAPPIE

**Lekker vertoning vir jonk en oud!**

**In die NG Rietfontein-Suid KERKSAAL! Voltooi die Google-vorm om jou plek te bespreek: https://forms.gle/HmBaZzC87FqFX29N7**
**Vir enige navrae kontak:**
**Claudette 083 681 5432**
**https://wa.me/27836815432**
**Chantelle 071 530 3691**
**https://wa.me/27715303691**



**New Coffee Trailer @ Valley Methodist Church in the parking lot.**
**Come support them. They will be here Monday – Friday at the church.**

Robin Chat
est | coffee + leather | 2022



# MENU

| HOT DRINKS | SML | LRG |
|---|---|---|
| ESPRESSO | R25 | |
| AMERICANO | R30 | R35 |
| CORTADO | R35 | |
| CAPPUCCINO | R35 | R40 |
| FLAT WHITE | R40 | |
| HOT CHOCOLATE | | R45 |
| WHITE HOT CHOCOLATE | | R45 |
| CHAI LATTE | | R45 |
| RED CAPPUCCINO | | R45 |
| ROOIBOS TEA | | R20 |
| **COLD DRINKS** | | |
| WATER (STILL, SPARKLING) | | R15 |
| FREEZO (ESPRESSO, SYRUP, MILK, CRUSHED ICE) | | R45 |
| SODA | | R20 |
| ICED LATTE (ESPRESSO, ICE CUBES, MILK) | | R35 |
| **EXTRA** | | |
| MILK ALTERNATIVE (ALMOND) | | R10 |
| SYRUPS (VANILLA, CARAMEL, HAZELNUT) | | R10 |
| EXTRA EXPRESSO SHOT | | R10 |


Kontak:
Charlene @ 082 565 5362
Gerrit @ 073 249 6311
Dinsdae
06:45 - 07:15
LAERSKOOL VILLIERIA
MANNE GEBEDSGROEP
Begin 29 Julie
573, 30stelaan, Kerkgebou
100 JAAR
1903 - 2003


SNUIFPEUL BRAAIHOUT 13KG
50 Sakke R3500
25 sakke R1750
10 Sakke R725
1 sak R72.50
Ernie 082 055 9390
(Delivery available at extra)
Made With Flyerwiz.app


Tupperware
is terug!
Tupperware
DON'T
FORGET
TO ORDER YOUR
TUPPERWARE!
Tupperware
Vir meer inligting
whatsapp vir Ilze
082 829 0959

# Belastingopgawes vanaf slegs ~~R750~~ R375**

AONANI
FINANCIAL SERVICES

Kontak ons:

012 833 7044 / 082 937 8215

info@aonanifs.com

Besoek ons webtuiste:

Ons kan U help met:

- Persoonlike en Besigheid belasting opgawes
- Hersiening van outo-assessering
- Belasting beplanning
- Nog vele meer

Belangrike datums:

- Nie voorlopige belasting betalers – 21 Julie tot 20 Oktober
- Voorlopige belasting betalers en Trusts – 21 Julie tot 19 Januarie

** **50% Afslag aan alle Laerskool Villieria Families**


18.


GOAL LINE NETBALL ACADEMY
PRESENTS
EXTRA NETBALL TRAINING
>>>>>>>>>>>>>
SPACES ARE LIMITED - SIGN UP NOW!
FRIDAYS
GRADE 3-5, 13:45-14:45
GRADE 6-7, 14:45-15:45
R650 PER TERM
INCLUDES 7 SESSIONS A TERM
AND 2 ACTION NETBALL MATCHES
GOAL LINE
SPORTS
FOR MORE INFORMATION:
Contact Joy van Zyl
083 292 7330


Enter all 5 Events
for R1000
SAVE R250!
DATES 2025
SCHOOLS MTB SERIES
Event #1 22 MARCH
Event #2 14 JUNE
Event #3 2 AUGUST
event #4 23 AUGUST
Event #5 20 SEPTEMBER
FINALS
11 & 12 OCTOBER
*Venues to be confirmed




GAUTENG
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER

## 2026 ONLINE ADMISSIONS APPLICATION PERIOD

The Gauteng Department of Education (GDE) wishes to announce the **2026 Online Admissions for Grade 1 and 8 Application Period:**

| Application Period | |
|---|---|
| **OPEN** | **THURSDAY, 24 JULY 2025 AT 08:00 AM** |
| **CLOSE** | **FRIDAY, 29 AUGUST 2025 AT 00:00 AM** |